CON SPIRITO DEBAT






bied aan

# Debatskompetisie vir Laer- en Hoërskole




# Brosjure 2026

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Inleiding | 1 |
| Datums | 2 |
| Onderwerpe | 3 |
| Kontakbesonderhede | 3 |
| Bankbesonderhede | 3 |
| Belangrike inligting | 4 |
| Programme, inskrywings en onttrekkings | 5 |
| Toekennings | 6 |
| Riglyne en formaat | 7 |
| Struktuur | 8 - 11 |
| Reëls en riglyne | 12 |

Die Con Spirito Kultuurvereniging bied ’n debatskompetisie vir die **SESDE** jaar aan.

**Con Spirito!!!!** is ’n unieke Kultuurvereniging,
Kultuur met Geesdrif, wat nou al vir die vier-en-twintigste agtereenvolgende jaar aan die Oos-Rand gefunksioneer het.

Con Spirito het egter die afgelope 7 jaar uitgebrei en vind tans in die volgende streke plaas:

- Gauteng
- Kaap
- Kwazulu-Natal
- Limpopo
- Mpumalanga
- Noordwes
- Vrystaat
- Namibië

Con Spirito is daar vir enige vorm van kultuur.
Die Vereniging wil graag:

- kultuur bevorder;
- geleenthede skep; en
- talente ontdek en ontwikkel.

Enige kind/leerder van enige skool/instansie mag aan Con Spirito deelneem. Privaatinskrywings word ook aanvaar.
**BELANGRIK: Deur in te skryf vir enige van Con Spirito Kunsvereniging & FAK se projekte en/of kompetisies, bevestig ek/ons/skool dat ek/ons persoonlike inligting, soos verwys in Artikel 26 van POPIA, mag insamel.**

Die

# DEBATSKOMPETISIE

sal uit DRIE rondes bestaan, naamlik. eerste rondes in Mei/Junie, semi-finale rondes in Julie/Augustus en finale ronde in September.

# DATUMS VIR 2026

| DATUMS vir 2026 | | |
|---|---|---|
| **Eerste rondes**<br>**Sluitingsdatum 24 April** | | |
| 15 en 16 Mei | Hoërskool Potch Gimnasium, Noordwes | |
| 5 en 6 Junie | Grey Kollege, Bloemfontein | |
| 12 en 13 Junie | Hoërskool Stellenberg, Wes-Kaap | |
| 13 Junie | Hoërskool Langenhoven, Riversdal, Suid-Kaap | |
| 19 en 20 Junie | Hoërskool Dr EG Jansen, Boksburg | |
| 23 tot 25 Julie | Hoërskool Eldoraigne, Pretoria | |
| 31 Julie en 1 Augustus | Hoërskool Pietersburg, Limpopo | |
| **Semi-finale rondes** | | |
| 30 en 31 Julie en 1 Augustus | Semi-finaal | Paul Roos Gimnasium, Stellenbosch |
| 14 en 15 Augustus | Semi-finaal | Laerskool Concordia, Boksburg |
| 27 tot 29 Augustus | Semi-finaal | Hoërskool Garsfontein, Pretoria |
| **Finale ronde** | | |
| 23 en 24 September | Finaal | Wes-Kaap |

- Registrasie vir eerste ronde: R480 per span
- Registrasie vir semi-finale en finale ronde: R360 per span

Sluitingsdatum: 24 April 2026

Belangrik: Privaatinskrywings word ook aanvaar.
Alle inskrywings word AANLYN gedoen. Dus is daar geen inskrywingsvorms beskikbaar nie, maar registreer en skryf in op webblad - www.conspirito.co.za.

# ONDERWERPE

| | | |
|---|---|---|
| Graad 6 – 7 | Voorstanders | Graad R-skoojaar moet verpligtend wees |
| | Teenstanders | Die Graad R-skooljaar moet nie verpligtend wees nie |
| Graad 8 – 9 | Voorstanders | Suid-Afrikaners moet internasionale aanlyn winkels ondersteun |
| | Teenstanders | Suid-Afrikaners moet nie internasionale aanlyn winkels ondersteun nie |
| Graad 10 – 12 | Voorstanders | Kletsbotte kan skoolonderrig negatief beïnvloed |
| | Teenstanders | Kletsbotte kan skoolonderrig nie negatief beïnvloed nie |

## KONTAKBESONDERHEDE:


Lizelle van Staden (Besturende Direkteur) 083 660 4822
Zelmarie Maré (Organiseerder) 074 683 3995


E-pos: lizelle@conspirito.co.za / zelmarie@conspirito.co.za
Navre: debat@conspirito.co.za
Webwerf: www.conspirito.co.za


## BANKBESONDERHEDE:

FNB
Con Spirito Kultuur (Pty) Ltd.
Business Cheque, account no. 62791986460
Sunward Park
Branch code: 21209
Verwysing: Debat/Skool/Naam

## BELANGRIKE INLIGTING:

1. Slegs aanlyn inskrywings word aanvaar. Belangrik: ALLE inskrywings moet aanlyn gedoen word op die webblad - www.conspirito.co.za. Ouers/afrigters/onderwysers moet eers hulself registreer en dan die leerders. Daarna kan die spanne ingeskryf word.
2. Alle aanlyn-inskrywings kan deur die Payfast veilige betalingsplatform gemaak word. Hierdie platform maak voorsiening vir beide elektroniese oorplasings, sowel as kredietkaartbetalings.
3. Indien ’n direkte internetbetaling verkies word, is dit betaalbaar aan CON SPIRITO. Sien bankbesonderhede op bl. 2. ’n Bewys van betaling moet aan Con Spirito gestuur word met duidelike verwysings, sodat die gelde geallokeer kan word. Deelnemers kan nie op die program geplaas word, indien bewys van betaling nie ontvang is nie.
4. Inskrywingsgelde is NIE terugbetaalbaar nie, behalwe in gevalle waar die betrokke kompetisie nie plaasvind nie.
5. Leerders/Spanne kan privaat of deur hulle skool inskryf.
6. GEEN laat inskrywings word aanvaar nie. Laat inskrywing kan slegs aanvaar word indien die program dit toelaat. Neem kennis dat inskrywingsgelde DUBBEL per span vir ’n laat inskrywing gevra word.
7. Aanlyn inskrywingsvorms moet VOLLEDIG ingevul word. Korrekte kontakbesonderhede word benodig vir opvolg en kommunikasie.
8. Nadat die programme uitgewerk is, moet die name en vanne korrek op die programme ingevul word.
9. Deelnemers wat nie die reëls en bepalings nakom nie sal gediskwalifiseer word.
10. Tydbeperkings soos aangedui in die riglyne mag nie oorskry word nie. Deelnemers sal gestop word.
11. Tegnologie: Tydens die kompetisie mag spanne van tegnologie gebruik maak, maar GEEN hulp mag elektronies van buite gegee word nie. Ons maak op die leerders/ouers/toeskouers/afrigters se integriteit staat.
12. Toegangsgelde van R20.00 per persoon word tydens die kompetisie by die deure vir toeskouers gevra. Toegang vir afrigters en deelnemers is gratis.



## PROGRAMME, INSKRYWINGS en ONTTREKKINGS:

1. Con Spirito sal direk na die inskrywings se sluitingsdatum laat weet wie voorstanders en wie teenstanders is.
2. **Let wel:** Spanne kan moontlik van kant verander as hulle deurdring na die semi-finale en finale rondes.
3. Die onderwerpe bly dieselfde vir al die rondes.
4. Skole/spanne mag by enige van die beskikbare venues inskryf.
5. Vanaf 2 weke VOOR 'n kompetisie word geen veranderinge op die program meer aanvaar nie.
6. Spesiale versoeke moet duidelik per e-pos, tesame met motivering gerig word aan: debat@conspirito.co.za. Versoeke sal volgens meriete oorweeg word en 'n adminbetaling van **R50 per span** sal gevra word..
7. **Onttrekking** van 'n spanlid moet skriftelik aansoek doen en Con Spirito sal die versoek volgens meriete hanteer. Leerders mag op enige stadium van die kompetisie onttrek en deur 'n ander spanlid vervang word, hetsy dit 'n grondige rede soos siekte, verhuis, ens. is.
8. Dieselfde leerder mag egter nie in meer as een debatspan deelneem nie, behalwe in nood en indien skriftelik aansoek gedoen word. Con Spirito sal die versoek volgens meriete hanteer.



# TOEKENNINGS:

| | |
|---|---|
| **EERSTE en SEMI-FINALE RONDES** | |
| Deelname sertifikaat | |
| **FINALE RONDE** | |
| Finale deelname knopies | Elke leerder wat deurdring na die finale ronde EN deelneem, ontvang ’n knopie en ’n sertifikaat |
| Eerste plek per afdeling | Per spanlid:<br>Wennersertifikaat<br>Wennersbalkie<br>R1 000<br>Wisseltrofee |
| Tweede plek per afdeling | Per spanlid:<br>Lapelbalkie<br>Sertifikaat<br>R500<br>Wisselrofee |
| Derde plek per afdeling | Per spanlid:<br>Lapelbalkie<br>Sertifikaat<br>R250<br>Wisselrofee |
| Spesiale wisseltrofeë | 1. Beste span van die jaar<br>2. Beste skool van die jaar |









## RIGLYNE EN FORMAAT:

1. Afdelings:
   a. Graad 6 tot 7 (Laerskool)
   b. Juniors: Graad 8 tot 9 (Hoërskool)
   c. Seniors: Graad 10 tot 12 (Hoërskool)
2. Die struktuur en tyd vir al drie afdelings is presies dieselfde.
3. Die onderwerpe verskil wel.
4. TYD: 37 minute
5. ’n Debat word gevoer deur TWEE spanne: Voorstanders en teenstanders.
6. Elke span bestaan uit TWEE spanlede.
7. Con Spirito verskaf vooraf ’n voorgeskrewe onderwerp waaroor gedebatteer word.
8. Con Spirito sal direk na die inskrywings se sluitingsdatum laat weet wie voorstanders en wie teenstanders is.
9. Let wel: Spanne kan wel van kant verander as hulle deurdring na ‘n volgende ronde.
10. Spanne kry vanaf die bekendmaking vd spanindelings tot en met die eerste ronde 4 tot 6 weke tyd om voor te berei.
11. Tegnologiese navorsing is deurgaans toelaatbaar tydens die debat (rekenaar, selfoon, internet, ens.).
12. Con Spirito maak staat op die spanne se integriteit, m.a.w. geen hulp van buite persone tydens die debat nie.



# STRUKTUUR:

## Fase 1

| STRUKTUUR | | TYD | Totaal |
|---|---|---|---|
| FASE 1<br>*Inleiding* | • Ontleding van die onderwerp en aankondiging van die argumente. (Waak teen 'n bykans niksseggende analitiese ontleding wat grens aan 'n taalles.)<br>• Spanlede kan self besluit wie in hierdie fase die spreekbeurt kry en of beide dit gaan doen, maar die eerste voorstanders kry die eerste spreekbeurt.<br>• Bepaal die maatstawwe en antisipeer hoe die opponente moontlik gaan reageer. As die probleme uitgestryk is, is dit voldoende (julle hoef nie die volle 2 minute te gebruik nie). | Maksimum 2 min per span | (4 min) |
| | Spanlede doen samespreking (koukus) onder mekaar. | Maksimum 1 minuut | (1 min) |
| | • Vrae word deur al die spanlede gevra.<br>• Vrae moet betrekking hê op die ontleding. Vrae mag (slegs) geweier word indien dit nie betrekking op die ontleding het nie.<br>• As julle span na een minuut voel dat julle genoeg vrae gestel het en tevrede is, kan julle julle deel van die gesprek staak. | Maksimum 1.5 min per span | (3 min) |
| | **Totale tyd vir fase 1** | | **8 minute** |

# STRUKTUUR:

## Fase 2

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| FASE 2<br>*Debattering oor argumente* | Teenstander 1<br>Voorstander 1<br>Teenstander 2<br>Voorstander 2 | Vrae en antwoorde<br>Vrae en antwoorde<br>Vrae en antwoorde<br>Vrae en antwoorde | | |
| | Teenstanders kry eerste 'n spreekbeurt.<br>Oop gesprek.<br>Handhaaf spontaneïteit.<br>Belangrik: Kom onmiddellik tot die punt!<br>Alle argumente moet bewyse hê.<br>Twee tot vier argumente per span.<br><br>VRAE:<br>1. Terwyl 'n debatteerder aan die woord is, mag die opponente vrae stel wat beantwoord moet word.<br>2. By die **hoërskole** moet 'n **minimum** van twee vrae per spanlid gevra word.<br>3. By die **laerskole** moet 'n **minimum** van twee vrae per spanlid gevra word.<br>4. Dui aan deur 'n klokkie te lui wanneer 'n vraag gevra wil word.<br>5. Die opposisie besluit self wanneer die vraag gestel mag word.<br>6. Alle vrae MOET beantwoord word alhoewel 'n spreker nie verplig word om 'n vraag onmiddellik te beantwoord nie. | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7. **Belangrik:** Die laaste 20 sekondes van die tweede sprekers van beide debatspanne se debattering, is **beskermde tyd.** Daar mag nie verdere vrae gestel word nie en hierdie spreker kan FASE 2 afsluit. | | |
| | • Vrae moet betrekking hê op jou opponent se argument, waarmee hy/sy op daardie oomblik besig is.<br>• Die doel van die vraag moenie wees om die opponente te ontwrig nie.<br>• Strafpunte word toegeken vir ontwrigtende vrae en die hantering daarvan.<br>• Bewyse is nie noodwendig navorsing van kundiges nie, maar kan ook eie ervaring of logiese gevolgtrekkings uit alledaagse gebeure wees.<br>• STRAFPUNTE word toegeken as: Debatteerders mekaar bombardeer met vooraf uitgewerkte vrae of vrae wat nie hier ter sake is nie. | | |
| | | **Totale tyd vir fase 2** | **20 minute** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| FASE 3<br>*Slotsom* | Spanne kry drie minute om saam hul span se repliek te beplan. | 3 min | (3 min) |
| | Kom tot 'n slotsom t.o.v. al die argumente van die voor- en teenstanders. M.a.w. dit help nie om die repliek vooraf uit te werk nie want dit moet gaan volgens die gesprek en argumente wat tydens die tweede fase bespreek is. | | |
| | Voorstanders kry die eerste spreekbeurt.<br>Die kerngeskille t.o.v. die argumente in die debat moet uitgewys word.<br>Geen nuwe argumente of vrae nie, maar wel 'n nuwe bewys. | 3 min per span | (6 min) |
| | Jou nuwe bewys moet goed en gemotiveerd wees. | | |
| | **Totale tyd vir fase 3** | | **9 minute** |
| | | **TOTAAL** | **37 minute** |



## REëLS EN RIGLYNE

1. Goeie taalgebruik (Onwelvoeglike taal sal nie geduld word nie).
2. Wees akkommoderend teenoor opponente.
3. Intellektuele inhoud.
4. Handhaaf orde.
5. Vrae en antwoorde tydens Fase 2 moet kort en kragtig (maksimum 20 sekondes per vraag en per antwoord) en nie-ontwrigtend wees.
6. Spanpoging – samewerking en interaksie tussen al twee spanlede is uiters belangrik.
7. BEWYSE:
    - Maak gebruik van 'n variasie
    - Maak die bewyse jou eie
    - Die bewyse moet geloofwaardig wees sodat die gehoor en opponente hulle daarmee kan vereenselwig

## Volg die skakels vir meer inligting:

Con Spirito webblad

Con Spirito Kunsvereniging

Con Spirito Kunswedstryd
















# Con Spirito Debat













